



NG KERK: GAMTOOSVALLEI

(Kwagga Gemeente)

VAKATURE: KOSTER

In afhanklikheid van die Here word aansoeke ingewag vir bogenoemde pos.

Posbeskrywing:

Die koster is verantwoordelik vir die algemene instandhouding, netheid en bruikbaarheid van die kerkgeboue, terrein en toerusting, asook ondersteuning tydens eredienste, gemeente-aktiwiteite en funksies.

Vereistes sluit in (maar is nie beperk tot nie):

- Ondervinding in tegniese en algemene instandhouding van geboue en tuine
- Ervaring in toesig oor personeel, en bereidheid om self sekere take te verrig
- Goeie gesondheid
- Betroubaar, stiptelik en selfstandig
- Vermoë om inisiatief te neem en take effektief te organiseer
- Geldige rybewys en eie vervoer
- 'n Gereformeerde agtergrond
- Binne die gemeentegrense woonagtig wees (behuising word nie verskaf nie)

Pligte sluit onder andere in:

- Voorbereiding vir eredienste, huwelike, begrafnisse, basaar en ander gemeente-aktiwiteite
- Algemene herstel- en instandhoudingswerk
- Toesig oor kerkgeboue, terrein (insluitend die begraafplaas) en personeel
- Basiese administratiewe ondersteuning waar nodig

Aansoeke:

Belangstellendes kan 'n **kort CV** voor of op **17 April 2026** per e-pos stuur na:
ngkgamtoos@lantic.net

Navrae: Voorsitter van die Kerkraad, mnr. **JT Ferreira – 083 658 1340**

Indien u geen terugvoer binne 14 dae na die sluitingsdatum ontvang nie, moet u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.